Posbus 54
Brits
0250

Wichtstraat, Brits, 0250

012 252 3317/3392
012 252 1676
www.lsbrits.co.za

britsadmin@lsbrits.co.za
lsbrits@lsbrits.co.za
finansies@lsbrits.co.za

KOU: KINDERONTWIKKELING VIR UITNEMENDHEID

As daar in ag geneem word wat kinders deesdae moet verwerk, kom ons tot die besef hoekom Laerskool Brits 'n program eie aan ons skool, vir ons skool ontwikkel het. Kinderontwikkeling vir Uitnemendheid (KOU) is ontwikkel deur Laerskool Brits om ons kinders te lei tot uitnemendheid.

Om dit te ontwikkel het ons die volgende in ag geneem:

- Die samelewing stel al hoe groter emosionele en sielkundige eise aan kinder.
- Dit is nie meer net goed genoeg om net meer vlot te lees nie maar totale begrip vir lees is nodig.
- Al hoe meer kinders kan glad nie wiskundige woordprobleme bemeester nie.
- TV, video's en ongekontroleerde rekenaarspeletjies beïnvloed kinders se waardestelsels.
- Standaarde word voortdurend hoër en kompetisie is genadeloos.

Watter aspekte word deur KOU-program aangespreek?

- Perseptuele, motoriese en fisiese ontwikkeling
- Heelbreinontwikkeling en breinintegrasie.
- Luistervaardighede.
- Konsentrasie.
- Vaardigheidsontwikkeling in verskeie sportsoorte.
- Leierskap en emosionele intelligensie en onderhandelingsvaardighede.

TOEKOMSGERIGTE ONDERWYS RUS ONS LEERDERS NIE NET TOE VIR DIE KORTTERMYN NIE MAAR GEWIS VIR DIE EISE VAN DIE 21STE EEU.

Op watter bene rus die Kinderontwikkeling vir uitnemendheid(KOU) program?

- Fisiese ontwikkeling (Liggaamlike opvoeding wat weekliks as KOU-vak aangebied word)
- Kognitiewe ontwikkeling (Hulpmiddels word in klasse beskikbaar gestel wat leer stimuleer en die visuele eise en vlakke van vandag se leerders stimuleer). Rekenaars, dataprojektors en witborde in elke klas.
- Tegnologiese ontwikkeling (Bemagtiging van onderwysers om die beste aan Laerskool Brits se leerders te bied deur hulself tegnologies te ontwikkel en dit tee inkorporeer in hul lesaanbieding)